BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c Woensdag 6 Augustus 1980 WINDHOEK Wednesday 6 August 1980 No. 4238

INHOUD:

Bladsy

PROKLAMASIE:

No. AG. 42 Proklamasie op Beheerde Wildprodukte, 1980 1

CONTENTS:

Page

PROCLAMATION:

No. AG. 42 Controlled Game Products Proclamation, 1980 1

PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 31 Julie 1980)

No. AG. 42 1980

VOORSIENING VIR BEHEER OOR DIE INVOER, UITVOER EN BESIT VAN EN HANDEL IN BEHEERDE WILDPRODUKTE EN VIR AANGELEENTHEDE WAT DAARMEE IN VERBAND STAAN

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

G. van N. VILJOEN
Administrateur-generaal

Windhoek, 1 Augustus 1980

PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 31 July 1980)

No. AG. 42 1980

PROVISION FOR CONTROL OF THE IMPORT, EXPORT AND POSSESSION OF AND TRADING IN CONTROLLED GAME PRODUCTS AND FOR MATTERS CONNECTED THEREWITH

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

G. van N. VILJOEN
Administrator-General

Windhoek, 1 August 1980

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

(i) "beheerde wildproduk" die tand, horing, kop, oor, slurp, vel, stert of poot, of enige deel daarvan, van enige olifant of renoster; (i)

(ii) "Departement" die Departement van Landbou en Natuurbewaring; (iii)

(iii) "gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (iv)

(iv) "handel dryf" om, hetsy as prinsipaal of as agent

(a) te koop of aan te bied om te koop, of by wyse van ruil, pand of andersins te verkry;

(b) te verkoop of te verruil of vir verkoop of verruiling aan te bied, te adverteer, te versend, te stuur of te lewer;

(c) te verskaf of van die hand te sit, hetsy teen 'n teenprestasie of andersins;

(d) die doen van enigiets bedoel in paragraaf (a), (b) of (c) te magtig, te gelas of toe te laat; (ii)

Verbod op in- en uitvoer en besit van en handel in dele van olifante en renosters

2. (1) (a) Behoudens die bepalings van paragraaf (b), is iemand wat na die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie 'n beheerde wildproduk in die gebied invoer, uit die gebied uitvoer, besit of daarin handel dryf, anders as kragtens en ooreenkomstig 'n permit wat kragtens hierdie artikel deur die Administrateur-generaal aan hom uitgereik is, of wat geag word aldus aan hom uitgereik te wees, aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens sesduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

(b) Die bepalings van paragraaf (a) is nie van toepassing nie op enige artikel wat uit 'n beheerde wildproduk vervaardig is.

(2) (a) Aansoek om 'n permit bedoel in subartikel (1) moet gedoen word op 'n vorm deur

SCHEDULE

Definitions

1. In this Proclamation, unless the context indicates otherwise —

(i) "controlled game product" means the tusk, horn, head, ear, trunk, skin, tail or foot, or any part thereof, of any elephant or rhinoceros; (i)

(ii) "Department" means the Department of Agriculture and Nature Conservation;

(iii) "territory" means the territory of South West Africa;

(ii) "deal in" means to —
whether as principal or as agent; (iv)

(a) buy, or offer to buy, or acquire by way of barter, pledge or otherwise;

(b) sell or exchange or offer, advertise, forward, dispatch or deliver for sale or exchange;

(c) supply or dispose of, whether for remuneration or otherwise;

(d) authorise, instruct or permit the doing of anything referred to in paragraph (a), (b) or (c),

Prohibition of the import, export and possession of and trading in parts of elephants and rhinoceroses

2. (1) (a) Subject to the provisions of paragraph (b), any person who, after the commencement of this Proclamation, imports into the territory, exports from the territory, possesses or deals in any controlled game product otherwise than under and in accordance with a permit issued or deemed to be issued to him by the Administrator-General under this section, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding six thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding six years or to both such fine and such imprisonment.

(b) The provisions of paragraph (a) shall not apply to any article manufactured from any controlled game product.

(2) (a) Application for a permit referred to in subsection (1) shall be made on a form ap-

die Administrateur-generaal vir die doel goedgekeur, wat verkry moet word van 'n kantoor van die Tak Veeartsenydienste van die Departement.

(b) Die vorm bedoel in paragraaf (a) moet —

(i) deur die aansoeker in die teenwoordigheid van die hoof van 'n in paragraaf (a) bedoelde kantoor of 'n persoon onder sy beheer deur hom vir die doel aangewys, voltooi word ooreenkomstig die aanwysings van bedoelde hoof of aangewese persoon; of

(ii) deur bedoelde hoof of aangewese persoon voltooi word namens en ooreenkomstig die opdragte van die aansoeker,

en moet by bedoelde hoof of aangewese persoon gelaat word vir verdere hantering ooreenkomstig die voorskrifte van die Administrateur-generaal.

(c) Iemand wat in 'n aansoek ingevolge hierdie subartikel 'n verklaring wat in 'n wesenlike opsig vals is, doen met die wete dat dit vals is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweeduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

(3) Wanneer daar ingevolge hierdie artikel om 'n permit aansoek gedoen word, kan die Administrateur-generaal enige vereistes stel waaraan voldoen moet word voordat 'n permit bedoel in subartikel (1) uitgereik word, met inbegrip van enige sodanige vereistes met betrekking tot die ondersoek, inspeksie, aanhouding, afsondering en behandeling, en die beskikbaarstelling en oorhandiging vir daardie doel, van enigiets waarop sodanige aansoek betrekking het, en kan hy, indien nodig, aan die aansoeker 'n voorlopige permit uitreik om hom in staat te stel om so-iets aldus beskikbaar te stel of te oorhandig.

(4) Die Administrateur-generaal kan enige permit waarom ingevolge hierdie artikel aansoek gedoen word, na goeddunke uitreik of weier : Met dien verstande dat ondanks andersluidende bepalings van hierdie Proklamasie so 'n permit nie met betrekking tot die besit van enigiets wat by die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie wettiglik in besit van die aansoeker is, geweier mag word nie.

(5) (a) 'n Permit uitgereik kragtens hierdie artikel is onderworpe aan die bedinge, voorwaardes en

proved for the purpose by the Administrator-General, which shall be obtained from any office of the Veterinary Services Branch of the Departemnt.

(b) The form referred to in paragraph (a) shall be completed —

(i) by the applicant in the presence of the head of any office referred to in paragraph (a) or any person under his control designated for the purpose by him, in accordance with the indications of such head or designated person; or

(ii) by such head or designated person on behalf and according to the instructions of the applicant,

and shall be left with such head or designated person to be further dealt with according to the instructions of the Administrator-General.

(c) Any person who, in any application in terms of this subsection, makes a statement which is false in any material respect, knowing it to be false, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding two years or to both such fine and such imprisonment.

(3) Whenever application for a permit is made in terms of this section, the Administrator-General may impose any requirements to be complied with before a permit referred to in subsection (1) shall be issued, including any such requirements in relation to any examination, inspection, detention, isolation and treatment, and the making available and delivery for that purpose, of anything to which such application relates, and may, if necessary, issue a provisional permit to the applicant to enable him so to make available or deliver such thing.

(4) The Administrator-General may, in his discretion, issue or refuse any permit applied for in terms of this section : Provided that notwithstanding anything to the contrary in this Proclamation contained, such permit shall not be refused in relation to the possession of anything which, at the commencement of this Proclamation, is in the lawful possession of the applicant.

(5) (a) Any permit issued under this section shall be subject to such terms, conditions and re-

vereistes wat die Administrateur-generaal in die algemeen of ten opsigte van daardie besondere permit oplê, met inbegrip van enige sodanige bedinge, voorwaardes en vereistes betreffende die betaling van die gelde en heffings wat die Administrateur-generaal bepaal: Met dien verstande dat enige sodanige bepaling van gelde of heffings by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* gedoen moet word.

(b) Iemand wat 'n beding, voorwaarde of vereiste van 'n permit kragtens hierdie artikel aan hom uitgereik, oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweeduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

Bestaande bepalings hou op om van krag te wees en bestaande permitte verval

3. (1) Die bepalings van 'n ander wet as hierdie Proklamasie en die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet 91 van 1964), waarby of waarkragtens 'n permit, lisensie, registrasie, goedkeuring, toestemming of vrystelling met betrekking tot die invoer in die gebied, die uitvoer uit die gebied, die besit of vervoer van of handeldryf in enige beheerde wildproduk vereis word, hou by die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie op om van krag te wees en enige permit, lisensie, registrasie, goedkeuring, toestemming of vrystelling uitgereik of verleen kragtens enige bepaling wat aldus ophou om van krag te wees, verval, behoudens die bepalings van hierdie artikel, by sodanige inwerkingtreding.

(2) Enige permit, lisensie, registrasie, goedkeuring, toestemming, of vrystelling wat ingevolge subartikel (1) verval, word, tot die datum bepaal kragtens subartikel (3) of 'n datum sewe dae na die datum waarop die beslissing oor enige aansoek ingevolge subartikel (3) met betrekking tot die betrokke beheerde wildproduk aan die aansoeker oorgedra word, watter ook al die vroegste is, geag 'n geldige permit te wees wat kragtens artikel 2 deur die Administrateur-generaal aan die houer daarvan uitgereik is.

(3) Die houer van 'n permit, lisensie, registrasie, goedkeuring, toestemming of vrystelling wat ingevolge subartikel (1) verval, moet voor of op 'n datum wat die Administrateur-generaal van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* bepaal, welke datum nie vroeër as een maand na die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie mag wees nie, aansoek doen om die vervanging van bedoelde permit, lisensie, registrasie, goedkeuring, toestemming of vrystelling deur 'n permit bedoel in artikel 2.

(4) Die bepalings van artikel 2 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n aansoek ingevolge

quirements as the Administrator-General may impose, either generally or in respect of the particular permit, including any such terms, conditions and requirements in relation to the payment of such monies and levies as the Administrator-General may determine : Provided that any such determination of monies or levies shall be made by notice in the *Official Gazette.*

(b) Any person who contravenes or fails to comply with any term, condition or requirement of a permit issued to him under this section, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding two years or to both such fine and such imprisonment.

Existing provisions cease to have effect and existing permits lapse

3. (1) The provisions of any law other than this Proclamation and the Customs and Excise Act, 1964 (Act 91 of 1964), by or under which any permit, licence, registration, approval, permission or exemption in relation to the import into the territory, the export from the territory, the possession or transport of or the dealing in any controlled game product is required, shall, at the commencement of this Proclamation, cease to be of force and effect, and any such permit, licence, registration, approval, permission or exemption issued or granted under any provision so ceasing to be of force and effect shall, subject to the provisions of this section, lapse at such commencement.

(2) Any permit, licence, registration, approval, permission or exemption lapsing in terms of subsection (1) shall, until the date determined under subsection (3) or a date seven days after the date on which the decision on any application in terms of subsection (3) with regard to the controlled game product in question, is communicated to the applicant, whichever is the earlier, be deemed to be a valid permit issued to the holder thereof by the Administrator-General under section 2.

(3) The holder of any permit, licence, registration, approval, permission or exemption lapsing in terms of subsection (1) shall, before or on a date to be determined from time to time by the Administrator-General by notice in the *Official Gazette,* which date shall not be earlier than one month after the commencement of this Proclamation, make application for the replacement of such permit, licence, registration, approval, permission or exemption by a permit referred to in section 2.

(4) The provisions of section 2 shall apply *mutatis mutandis* to any application in terms of subsection (3) and any permit issued in terms of the said subsection :

subartikel (3) en 'n permit kragtens genoemde subartikel uitgereik : Met dien verstande dat 'n permit waarom ingevolge subartikel (3) aansoek gedoen is, ondanks andersluidende bepalings van hierdie Proklamasie, nie geweier mag word nie aan iemand aan wie 'n permit, lisensie, registrasie, goedkeuring, toestemming of vrystelling wat ingevolge hierdie artikel verval, op reëlmatige wyse uitgereik is.

Toepassing van artikels 81, 81A, 83, 89 en 89A van Ordonnansie 4 van 1975

4. (1) Die bepalings van artikels 81(1), (2), (3), (5) en (6), 81A, 83(1), (4), (5) en (6), 89 en 89A van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), is *mutatis mutandis* van toepassing by die uitvoering van die bepalings van hierdie Proklamasie.

(2) By bedoelde toepassing —

(a) beteken "natuurbewaarder" 'n natuurbewaarder wat as sodanig aangestel is kragtens die een of ander wet met betrekking tot natuurbewaring wat in die gebied of enige deel daarvan van krag is;

(b) word die woorde "duisend vyfhonderd rand" in artikel 81(5) van genoemde ordonnansie geag deur die woorde "drieduisend rand" vervang te wees;

(c) is iemand wat aan 'n misdryf bedoel in artikel 81(6), 83(5)(c) of 83(6)(b) van genoemde ordonnansie skuldig bevind word, by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

Vermoede

5. Wanneer ook al enige beheerde wildproduk in of op enige voertuig, vaartuig, boot, vlot, helikopter, vliegtuig of ander vervoermiddel of in, op of by enige woning, perseel of kampeer- of ander plek gevind word, word elkeen wat die eienaar is van of wat in, op of by sodanige voertuig, vaartuig, boot, vlot, helikopter, vliegtuig, ander vervoermiddel, woning, perseel, kampeer- of ander plek is, geag in besit van so-iets te wees tensy die teendeel bewys word.

Delegering van bevoegdhede

6. (1) Die Administrateur-generaal kan van tyd tot tyd enige bevoegdheid wat hierdie Proklamasie aan hom verleen, behalwe enige sodanige bevoegdheid wat by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* uitgeoefen moet word, delegeer aan iemand wat 'n betrekking in die Departement beklee.

Provided that a permit applied for in terms of subsection (3) shall, notwithstanding anything to the contrary contained in this Proclamation, not be refused to any person to whom any permit, licence, registration, approval, permission or exemption lapsing in terms of this section had been issued or granted in a regular way.

Application of sections 81, 81A, 83, 89 and 89A of Ordinance 4 of 1975

4. (1) The provisions of sections 81(1), (2), (3), (5) and (6), 81A, 83(1), (4), (5) and (6), 89 and 89A of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), shall *mutatis mutandis* apply in the execution of the provisions of this Proclamation.

(2) In such application —

(a) "nature conservator" shall mean any nature conservator appointed as such under any law in relation to nature conservation applicable in the territory or any part thereof;

(b) the words "three thousand rand" shall be deemed to have been substituted for the words "one thousand five hundred rand" in section 81(5) of the said ordinance;

(c) any person convicted of any offence referred to in section 81(6), 83(5)(c) or 83(6)(b) of the said ordinance shall be liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

Presumption

5. Whenever any controlled game product is found in or on any vehicle, vessel, boat, raft, helicopter, aircraft or other means of conveyance or in, on or at any dwelling, premises or camping or other place, every person being the owner of or in, on or at such vehicle, vessel, boat, raft, helicopter, aircraft, other means of conveyance, dwelling, premises, camping or other place shall be deemed to be in possession of such thing, unless the contrary is proved.

Delegation of powers

6. (1) The Administrator-General may from time to time delegate any power granted to him by this Proclamation, other than any such power to be exercised by notice in the *Official Gazette*, to any person holding an office in the Department.

(2) Iemand aan wie 'n bevoegdheid kragtens subartikel (1) gedelegeer is, oefen daardie bevoegdheid uit onderworpe aan die voorskrifte van die Administrateur-generaal.

(3) Die delegering van 'n bevoegdheid kragtens subartikel (1) ontdoen nie die Administrateur-generaal van daardie bevoegdheid nie en die Administrateur-generaal kan te eniger tyd die uitoefening van 'n bevoegdheid uit hoofde van so 'n delegering, hersien.

(4) Die Administrateur-generaal kan te eniger tyd die delegering van 'n bevoegdheid kragtens subartikel (1) intrek.

Kort titel

7. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op Beheerde Wildprodukte, 1980.

(2) Any person to whom any power has been delegated under subsection (1) shall exercise such power subject to the instructions of the Administrator-General.

(3) The delegation of any power under subsection (1) shall not divest the Administrator-General of that power and the Administrator-General may at any time review the exercise of any power by virtue of any such delegation.

(4) The Administrator-General may at any time revoke any delegation of any power under subsection (1).

Short title

7. This Proclamation shall be called the Controlled Game Products Proclamation, 1980.

Gedruk deur en verkrygbaar by
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK
P.O. Box 2196, Windhoek
South West Africa